


**Die Krag van Keuses**

**Deuteronomium 30:19–20**

**"Ek roep vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle: die lewe en die dood het ek jou voorgehou, die seën en die vloek; kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die Here jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe..."**

1. **Keuses het gevolge**

Galasiërs 6:7: ***"7Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai."***

- As jy vrede saai, sal jy vrede oes.
- As jy liefde saai, sal jy liefde oes.
- As jy bitterheid en haat saai, sal jy pyn en konflik oes.

**Vandag kies jy, môre leef jy met die oes van daardie besluit.**

2. **Keuses openbaar ons hart**

Spreuke 4:23: ***"Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe."***

Matteus 6:21: ***"Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees."***

**Ons keuses is die spieël van ons harte.** Hulle wys of ons hart op God gerig is, of op onsself en die wêreld.

3. <u>Keuses bepaal bestemming</u>

**Deuteronomium 30:19** ***"Ek het jou die lewe en die dood, die seën en die vloek voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe..."***

**Matteus 7:13–14** daar is twee paaie is:

- die breë pad wat na die verderf lei,
- en die smal pad wat na die lewe lei.

**Jou bestemming is nie toeval nie – dit is die vrug van jou keuses.**

4. <u>God gee genade vir regte keuses</u>

Filippense 2:13:
***"want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae."***

Jakobus 1:5 sê:
***"As iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid wat aan almal eenvoudig gee sonder verwyt, en dit sal aan hom gegee word."***

**Dit was die moeilikste keuse ooit – maar daardeur het verlossing vir die wêreld gekom.**

1. **Keuses het gevolge** – jy plant vandag die saad wat jy môre moet oes.
2. **Keuses openbaar jou hart** – jou daaglikse besluite wys waar jou hart, liefde en jou lojaliteit lê.
3. **Keuses bepaal jou bestemming** – elke stap neem jou óf nader aan God óf verder van Hom weg.
4. **God gee genade vir regte keuses** – jy hoef nie alleen te kies nie, want Hy gee jou Sy Heilige Gees, Sy Woord en Sy wysheid.

**Deuteronomium 30:19**: ***"Ek het jou die lewe en die dood, die seën en die vloek voorgehou; kies dan die lewe..."***

Die Here sê: ***"Kies die lewe, dat jy kan lewe."***

**Want die krag van jou keuses lê daarin dat dit nie net jou vandag vorm nie, maar jou ewigheid bepaal.**